# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

*... waar kind nog kind kan wees ...*

20/2023

18 Julie 2023

Geagte Ouers

**1. UIT DIE KANTOOR**

Aan die begin van die derde kwartaal heet ons graag weer almal welkom. Hierdie kwartaal beloof nie net om bedrywig te wees nie, maar om vir elke leerder genoegsame genot, leergeleenthede en hoogtepunte te bied. Dit sal van elke gesin in die Mikro-familie afhang of die kinders hierdie kanse gaan aangryp – kom ons motiveer ons kinders om aan alles met entoesiasme deel te neem.

Juliemaand se WAARDE is BETROUBAARHEID. Vir iemand om 'n betroubare persoon te wees, verg deursettingsvermoë om vele ander eienskappe konsekwent uit te leef. Dit sluit eienskappe soos die volgende in: eerlikheid, doelgerigtheid, geloofwaardigheid, deursigtigheid en selfbeheersing. Ons sien in vandag se samelewing vele mense wat, weens die feit dat hulle nie vertrou kan word nie, nooit sukses behaal nie en ook as gevolg daarvan 'n "slegte naam" het. Kom ons leer ons kinders met ons eie optrede en voorbeeld dat BETROUBAARHEID 'n baie noodsaaklike eienskap is vir iemand om 'n positiewe bydrae in die samelewing te kan maak.

Ons wintersportseisoen het hierdie jaar baie vroeg (einde Januarie) reeds begin en daar lê nog 'n hele paar wedstryde voor. Die hoogtepunt sal sekerlik ons Hartenbosnaweek (25 - 27 Augustus 2023) wees. In September lê daar ook weer 'n Jongtongfees voor en ons vra almal se toewyding en samewerking om van hierdie kwartaal se aktiwiteite 'n sukses te maak.

Die Hartenbosinligting en die buitemuurse program van die derde kwartaal word vandag weer op die klasgroepe versprei.

Ons verwelkom graag die volgende persone op ons personeel: me Suzaan van Wyk (gr. 7.3) en me Charmaine Simons (gr.R Nasorgtoesighouer). Ons vertrou dat hulle gou hul voete sal vind en baie gelukkig by ons sal wees.

Die derde kwartaal is ook 'n belangrike "beplanningskwartaal" vir die nuwe jaar (2024). Ek lees onlangs die volgende:

***"It is not the lack of resources, but the lack of resourcefulness that stops us."***

***Resources = hulpbronne***
***Resourcefulness = vindingrykheid of vernuftigheid***

***Vry in Afrikaans vertaal, beteken die bg. uitdrukking dus dat ons nie die verskoning van 'n tekort aan hulpbronne kan gebruik as ons as skool nie vooruitgaan nie. Ons moet egter daarop fokus om genoegsame vindingrykheid (bv. idees, voorstelle, wysheid en kreatiwiteit) aan die dag te lê.***

Ons wens vir almal 'n positiewe kwartaal toe.

2. **<u>RACHELLE BEST</u>**

Op **<u>Dinsdag 1 Augustus 2023 om 18h30</u>** kom besoek Rachelle Best weer ons skool. Sy is 'n kenner op die gebied van die gebruik van sosiale media. Sy het verlede kwartaal nuttige inligting met ons Gr. 4 – 7 leerders gedeel om hulle meer paraat te maak vir wanneer hulle aanlyn is.

Nou word 'n ***GRATIS*** geleentheid vir ons ouers aangebied. Dit beloof om u te bemagtig en toe te rus om u kinders in die soms wrede aanlynwêreld te beskerm. *HIERDIE GELEENTHEID MOET U ASB. NIE MISLOOP NIE!*

Teken asb. hierdie datum in u dagboek aan. Ons hoop om 'n vol saal ouers daar te sien. Daar sal binnekort 'n afskeurstrokie huis toe kom. Teken dit asb. en stuur dit weer skool toe. Vir enige navrae, kontak gerus vir Leana Sutherland (Maatskaplike werker) by lsutherland@laerskoolmikro.co.za.

3. **<u>KOS@MIKRO</u>**

Neem asb. kennis van die datums vir kwartaal 3 en 4.

| **Datum** | **Sportdag** | **Graad/grade verantwoordelik vir verkope** |
|---|---|---|
| | **Derde Kwartaal** | |
| 12 Augustus | Beaumont Sportdag | Gr. 4 & Gr. 5 asook die 1ste span tennis en krieket (Toerspan) |
| 2 September | 7's Rugby & Netbal | Gr. 6 & Gr. 7 asook die o.13 A rugby- en netbalspanne |
| | **Vierde Kwartaal** | |
| 4 November | KFC Mini-krieket | Gr. 2 & 3 |

Indien u belangstel om betrokke te raak by Kos@Mikro, stuur gerus 'n e-pos na dtaljaard@laerskoolmikro.co.za.

L. Mouton
**SKOOLHOOF**



# noviekidz

## Drama Werkswinkels by Laerskool Mikro






## Wil jy jou kind sien blom?

### Sluit aan by ons gratis drama OPEKLAS!

JUNIORS: Grade 1-3. Vrydag, 28 Julie '23. 14h30-15h30.
SENIORS: Grade 4-7. Vrydag, 21 Julie '23. 14h30-15h30.

Bespreek jou plek! Stuur 'n WhatsApp na 062 089 7831 met die leerder se naam en van, graad en tydgleuf: Groep 1 (Graad 1-3) of Groep 2 (Graad 4-7). Skandeer die QR-kode vir die inskrywingsvorm!

**Bekroonde akteurs besoek elke kwartaal die NovieKidz drama werkswinkels en deel hul vaardighede met die leerders!**





Ons gebruik teatergebaseerde metodes om jou kind se potensiaal te ontsluit deur hul vaardighede in drama, openbare redevoering, kommunikasie, selfvertroue, kreatiewe en kritiese denke, konflikoplossing, spanwerk en geestesgesondheid te ontwikkel!

**Elke kind verdien die leiding om te blom!**

**Follow us!**

## Ontmoet die hoof van fasiliteerders!

Die werkswinkels word deur Nina Smit en haar mede-fasiliteerders aangebeid! Nina is 'n Honneurs Drama - Cum Laude gegradueerde, van die Universiteit Stellenbosch, met sewe jaar se drama-fasiliterende ervaring. Sy is ook 'n bekroonde aktrise te sien in TV-reekse Fynskrif, Sarah se Geheim, Die Boekklub, Die Byl, Lycra en Petticoats & Fraksie!




**Wie?** Gr. 1-7's ingeskryf by Laerskool Mikro.
**Wanneer?** Donderdae: Groep 1 (gr. 1-3) 17h00-18h00/ Groep 2 (gr.4-7) 18h00-19h00.
**Waar?** Laerskool Mikro Klubhuis.
**Taal?** Tweetalig / Tweetalig (Afrikaans & Engels).
**Fooie?** R950 vir 8 klasse per kwartaal (laat inskrywings sal op 'n pro rata basis werk).
**Begindatum?** Donderdag, 3 Augustes 2023.

## Inskrywingsvorm:

**Volle naam:**

**Graad & Klas:**

**Taal: Afrikaans / English / Afr. & Eng.**

**Ouer of Voog:**

**Kontak No. :**

**E-pos:**

## Informasie:

- Stuur asseblief die voltooide vorm aan Nina Smit via WhatsApp (062 089 7831) of skandeer die QR-kode vir die digitale inskrywingsvorm. Jy sal by die Laerskool Mikro - NovieKidz WhatsApp-groep gevoeg word vir verdere kommunikasie.
- Fooie vir elke kwartaal moet teen die eerste Maandag van elke skoolkwartaal vereffen word.
- New NovieKidz: Fooie is betaalbaar met die inskrywing na die eerste gratis sessie.
- NovieKidz T-hemp - bestellings sal via die WhatsApp-groep geneem word.
- Individuele afrigting vir Eisteddfods en alle ander dramakompetisies/oudisies is op aanvraag beskikbaar.

# JULIE 2023

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 VAKANSIE | 2 VAKANSIE |
| 3 VAKANSIE | 4 VAKANSIE | 5 VAKANSIE | 6 VAKANSIE | 7 VAKANSIE | 8 VAKANSIE | 9 VAKANSIE |
| 10 VAKANSIE | 11 VAKANSIE | 12 VAKANSIE | 13 VAKANSIE | 14 VAKANSIE | 15 VAKANSIE | 16 VAKANSIE |
| 17 VAKANSIE | 18 SKOOL OPEN<br>SPORT BEGIN<br>TIE: Begindatum | 19 Kos@Mikro Vergadering 18:00 | 20 Gr. 7 Inligtingsaand | 21 NovieKidz: Drama-demo (Gr. 4 tot 7) Klubhuis 14:30 – 15:30 | 22 | 23 |
| 24 / 31 | 25 Ouerkomitee vergadering 18:00 | 26 NETHEIDSKONTROLE<br>Rugby: Totius (W)<br>Netbal: Fanie Theron (W) | 27 Gr. 3-uitstappie<br>Hokkie: Welgemoed | 28 Gene Louw Sportdag o.10-o.13 B&C spanne<br>Landloop: Metro Kampioenskappe<br>Redenaars: Podiumpret<br>NovieKidz: Drama-demo (Gr. 1 tot 3) Klubhuis 14:30 – 15:30 | 29 | 30 |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander